

'n Suksesverhaal van Merinoboere, en wat ons by hulle kan leer



* Dr Dave Midgley

Skaapboer van die jaar 2008, A G Joubert en seuns, se kudde en die stelsels wat hulle toepas, is 'n bewys dat boere nie hul ras hoef te verander om meer geld te probeer maak nie. Voortreflike eienskappe binne die ras, soos goeie moederseienskappe en ooiproduktiwiteit (kleiner moeder, hoë fekunditeit – baie meerlinge) kan benut word in oordeelkundige kruisteelstelsels. Daar is nie 'n ander skaap wat sommer 'n Merino-ooi wat 170% lammers per jaar speen, gaan klop nie!

Hulle boer volgens die volgende beginsels

- Maak gebruik van 'n meerpaarstelsel (halfpaarstelsel).
- Pas oordeelkundige kruisteling toe ('n terminale driepunt kruisstelsel waar hulle 'n suiwer Merino kudde bedryf, S.A. Vleismerino ramme op 'n gedeelte van die kudde gebruik en dan die beste F1 ootjies hou waarop hulle Dormer ramme gebruik. Al die derde kruising se lammers word dan verkoop – vandaar die term “terminaal”. Tweederdes van die wol wat hulle bemark is dan suiwer Merinowol, en ongeveer tweederdes van die vleis wat hulle bemark is die van “kruislammers”).
- Maak gebruik van “vroegspeen” en rond hul lammers dan self af op groenweiding of in 'n voerkraal. Omdat meeste van die lammers kruislammers is, is dit die moeite werd, of dan kostedoeltreffend om hulle te voer. Waarde word toegevoeg deur selfgeproduseerde graan deur hul eie diere te “vewerk”.
- Omdat die lammers vroeër van die weidings af is, kan meer oie in hul plek aangehou word. Sodoende stoot hulle hul wins per hektaar op.
- Maak gebruik van kundiges.
- Het 'n voorkomende bestuursprogram wat gereeld aangepas word
 - Toets hul ramme vir geslagsgeskiktheid
 - Gebruik koggelramme
 - Paar jong ootjies apart, en wel vir die eerste keer op 11 maande ouderdom (vroegpaar)
 - Doen sonarondersoeke
 - Lam in klein groepies
- Is nie skaam om hul skape te versorg en kos te gee nie
 - In die betrokke boekjaar (2008) het hulle R127 se voer per teelooi gebruik (R94 aangekoop en R33 se eie geproduseerde voer)
 - Dit beloop 55.7% van direk geallokeerde kostes
- Bruto marges vir 2008 was:
 - R915 per teelooi (alle ootjies van 11 maande en ouer word as teelooie gereken)
 - R458 per KVE
 - R3 414 per ha aangeplante weiding
- Kontantvloei: Vir al twaalf maande van die jaar is daar 'n inkomste uit die skape! “Basterlammers” word vanaf 3½ maande ouderdom bemark, en suiwer Merinolammers vanaf ongeveer 4½ maande ouderdom. Elke 4 maande is daar 'n lammeroes, en word die eerste lammers van die volgende groep bemark net nadat die “stert” van die vorige groep weg is.

Produksiesyfers

- Speen% van 152% vir die hele kudde
- 1.34 koppe bemark per teelooi (hoeveelheid)!
- Gemiddelde prys per kop verkoop R712 (kwaliteit)
- Ouderdom by eerste paar is 11 maande, ouderdom by eerste lam dan 16 maande. Omdat hul in die halfpaarstelsel, 'n variasie van die 8 maande lamstelsel, (sien artikel hierna) is, word die ootjies



dan weer op 19 maande ouderdom gepaar om vir die tweede maal op 24 maande ouderdom te lam, wanneer ootjies in tradisionele paarstelsels vir die eerste keer lam!

- Hul dae tot bemark vir die kruislammers is vanaf 3½ maande, en die Merinolammers word al van 4½ maande ouderdom af bemark!
- Inkomste verhouding van vleis:wol = 79:21

Wat hierdie syfers meer merkwaardig maak is dat dit verkry word op 'n kudde van meer as 4000 ooe!

Finansiële syfers word vergelyk met produksie- of kuddegegewens. Sodoende kan mens nie net sien of hulle geld maak nie, maar ook hoeveel en bepaal hoekom hulle geld maak. Konsepsiesyfers is baie goed, asook die kudde se fekunditeit met byna die helfte van die ooei wat lam wat tweeling gee.

Verder is die proses herhaalbaar – dit is nie iets wat hulle net in een jaar reggekry het nie - hulle presteer jaar na jaar ver bokant die gemiddeld van die omgewing. Probleemareas is geïdentifiseer, en almal is dit eens dat daar steeds baie ruimte vir verbetering is! Lamverliese is byvoorbeeld steeds te hoog met die baie tweeling, en daar word ernstig gekyk daarna om 'n gedeelte van die ooei in hokkies te laat lam.